

Ds. A. W. C. Bester
Nieuwoudtville
30 Januarie 1966

Onderwerp: Padmakers
Kinderdiens

Lees: Hebreërs 12 vers 13
Teks: Hebreërs 12 vers 13

Sing: Gesang 262
Gesang 289
Gesang 287

“Al die eer kom die persone of organisasies toe wat geen moeite of koste ontsien om goeie paaie te maak nie. Goeie paaie maak die reis nie net aangenaam nie, maar ook voorspoedig. Daarenteen stel slegte paaie die reisiger se lewe in gevaar, veral as dit donker is.

“Ons is almal padmakers. Ons is elke dag besig om pad te maak vir en met ons voete. As ons elke dag dieselfde rigting loop, ontstaan daar ’n voetpad. Ons laat spore na wat met verloop van tyd duideliker en duideliker word. Uiteindelik word dit só duidelik en sigbaar dat ander daarlangs begin wandel. En só ontstaan die meeste paaie.

“Ons is ook op geestelike gebied padmakers. Op ons reis na die ewigheid maak ons dikwels paaie sonder dat ons daarvan bewus is. Ons slaan dieselfde koers in, dag na dag, totdat daar ’n pad ontstaan - oopgetrap en uitgehol. Ons herhaalde dade, goed of sleg, word uiteindelik gewoontes, ’n tweede natuur, ’n vaste karakter wat uiteindelik ons bestemming bepaal. En daardie bestemming is die Hemel of die Hel.

“Dit is ’n ernstige gedagte dat u en ek besig is om paaie te maak, wat ons self bewandel en wat ons na ’n ewige bestemming voer.

“So dikwels is die paaie wat ons maak deur ons gewoontes en lewenswyse ’n uitnodiging vir ander om ook daarop te loop. Die spreekwoord is só waar: Voorbeelde trek. Ander mense volg ons voetstappe. Daarom kinders, moet ons só versigtig wees hoe ons leef en watter voorbeeld ons stel. Wees versigtig vir skadelike gewoontes: rook, drink, en ander.

“Hierteenoor, as jy die weg van Jesus Christus gekies het, is dit ’n mooi pad. Wandel daarlangs en wyk nie regs of links af nie. Dit is die enigste weg wat ons na die Hemel lei.

“Hoe lyk die paaie wat jý maak?

“Dit is ’n baie reguit vraag wat elkeen self moet beantwoord. Is hulle gelyk of ongelyk; reguit of krom; is hulle vry van gate of los klippe? Gaan die paaie wat jy maak in die regte rigting; of gaan dit na skadelike plekke? Hou hulle koers of slinger hulle vandag regs en môre links?

“Die skrywer van Hebreërs skryf in ons teks: ‘...maak reguit paaie vir julle voete’. Miskien het hy die woorde van Salomo in gedagte gehad toe hy hierdie vermaning gerig het: ‘Maak die pad van jou voet gelyk, en laat al jou weë vas wees, wyk nie regs of links af nie, hou jou voet ver van boosheid.’ (Spr 4:26,27)

“Reguit paaie is paaie wat nie heen en weer slinger nie, maar paaie wat een koers hou: na God, na die Hemel en na die Ewigheid. Kinders, as Christen moet my lewe een rigting hou. Dit moet altyd dieselfde wees. Dit moet nie Sondag vroom wees en Maandag goddeloos nie. Jy moet nie mooi en lang gebede bid en daarbuite onchristelik handel nie. Jy moet nie vandag ’n beleier wees en môre ’n verleier nie. Die Woord van God waarsku duidelik: ‘Niemand kan twee here dien nie; want óf hy sal die een haat en die ander liefhê, óf hy sal die een aanhang en die ander verag.’ (Mat 6:24)

“Reguit paaie beteken ook gelyk paaie. Paaie sonder gevaarlike slaggate en slote, sonder los klippe of ander gevaarlike struikelblokke. Die lewe van elke Christen moet vry wees van skadelike en gevaarlike dinge, soos dade en praktyke en gewoontes waaroor ons kan struikel; en waarmee ons ook ander ná ons kan laat struikel.

“Die skrywer noem die besonderse rede waarom ons altyd reguit paaie moet maak: ‘sodat wat kreupel is, nie uit lit raak nie, maar liever gesond gemaak word.’ (Heb 12:13)

“Daar is in elke gemeenskap dié wat kreupel is en maklik struikel. Mense wat nog swak is in die geloof. Soos ’n Mefiboset gaan hulle mank en sukkel deur die lewe. Hoe versigtig moet ons nie wees dat ons hulle nie laat struikel op die weg nie. Dat ons nie paaie sal maak en voorbeelde sal stel wat vir hulle slaggate sal wees wat op hulle vernietiging sal uitloop nie. Hoe baie mense is nie al op ’n dwaalspoor gebring en het hulle laat verongeluk op ongelyke paaie wat vriende getrap het nie? Vele het al in sonde verval, kerkloos en goddeloos geword, omdat so baie rondom hulle hierdie slegte voorbeeld gestel het.

“As ouers moet ons veral besonder versigtig wees om met God se hulp gelyk paaie vir ons kinders te maak. Dit moet paaie wees sonder slaggate van sonde. Jesus Christus het ernstig gewaarsku: ‘maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat ’n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see.’ (Matt 18:6)

“Broers en Susters, laat ons dus elke slagat opvul en elke struikelblok uit die weg ruim, terwille van diegene wat in ons voetspore volg; en laat ons nooit met sonde speel nie.

“Hoe nodig is Dawid se gebed nie vir ons almal nie: ‘Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my ’n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!’ (Ps 139:23,24)

“Reguit paaie beteken paaie waarop God se Woord en Jesus Christus as die vleesgeworde Woord steeds die wegwysers is. Broers en Susters, wie God se Woord en Jesus Christus volg, sal sekerlik nooit ’n slegte padmaker wees en sal geen skadelike weg betree nie.

“Die Psalmdigter skryf: ‘Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord’. (Ps 119:9) Jesus Christus het verklaar: ‘Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.’ (Joh 14:6)

“Die reguit pad is daar waar Jesus se spore altyd duidelik sigbaar is. Dit is ’n pad van selfverloëning; naasteliefde; toewyding aan die Vader; en gehoorsaamheid tot die dood toe.

“Daar is berge van moeilikheid, riviere van beproewing en valleie van die dood wat oorkom moet word. Sonder ’n wegwysers hier is ons gewis verlore. God se Woord is die enigste lamp vir ons voet en lig vir ons pad.

“Wie die Woord van God verloor het, het ook die pad verloor.

“Daar is ook ander wegwysers waarop ons moet let: die kerk; huisgodsdienst; Sondagskool; en Christelike opvoeding. Wie ag gee op hierdie dinge sal sy eindbestemming veilig bereik.

“Ons is padmakers vir hierdie wêreld. Ons trap almal paaie. As ons die dag nie meer daar is nie, watter soort paaie sal ons agterlaat? Waarheen sal hulle lei? Sal hulle veilig wees om deur ander bewandel te word?

“HERE gee ons genade om reguit paaie te maak wat na U lei.

“Amen.”